LE ROUX SCHOEMAN

Dr Peter Nagel Foto's: Le Roux Schoeman

Oor teologie, tug en Griekse tragedie

Dit is 'n warm windstil Maandagmiddag op Stellenbosch en langs die Eersterivier bak die son die water binne 'n tuinslang wat in die skadu opgekrul lê te warm om te drink.

Ek tref dr Peter Nagel, 'n seningrige 47-jarige teologiedosent, aan waar hy in sy reghoekige kantoor een verdieping bo die Kweekskoolbiblioteek voor sy lessenaar staan, geklee in 'n kniebroek en plakkies.

Nagel is seker so na aan Katolieke *limbo* soos 'n Gereformeerde kan wees. Sy legitimasie in die NG Kerk is tydelik opgeskort "hangende die uitkoms van 'n proses van kundige en begeleidende gesprekke met die oog op die regstelling van sy standpunte," luidens 'n verklaring wat vroeër op die dag van ons ontmoeting uitgereik is deur lede van die Kuratorium van die Wes-Kaap. As werknemer van die Universiteit Stellenbosch is Nagel se posisie as dosent nie in gedrang nie, maar wel, uiteindelik, sy predikantsbevoegdheid as gelegitimeerde van die NG Kerk.

Hy bevind hom in die middel van 'n vertroulike kerkordelike proses waarvan die vertroulikheid geproblematiseer is deur onder meer 'n koerantberig wat Nagel se navorsing in 'n 2019-akademiese artikel vir 'n nispublikasie (*Neotestamentica*, uitgegee deur die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suider-Afrika) op dramatiese wyse na die makrogehoor van 'n Sondagkoerant verplaas het. Die opskrif van die nuusberig op bl 2 van *Rapport* lui: 'Verhoor het my teologies verkrag'.

Die ondersoek waarna die berig verwys was om te bepaal of Nagel, as gelegitimeerde, steeds die godheid van Christus as sy persoonlike geloofsoortuiging handhaaf, volgens die kuratorium, wat as koppelvlak tussen universiteite en die kerk funksioneer en soms onder druk verkeer van die persepsie by sommige dat 'n soort akademiese "free for all" by ekumeniese fakulteite sou heers. 'n Ringstugliggaam het, luidens die kuratoriumverklaring, tot die oortuiging gekom dat Nagel se akademiese artikel getiteld *Problematising the Divinity of Jesus: Why Jesus is not θεός* sy persoonlike standpunt oor die godheid van Christus reflekteer en dat dit strydig is met die belydenis van die kerk en sy legitimasie-eed. "Die belydenis van Nicea, wat amptelik deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk is, kom uit die vierde eeu nC en word deur die wêreldkerk as belydenis aanvaar."

Op een vlak lees die gegewens tot op hierdie punt van die saak soos 'n asimmetriese stryd: 'n Teoloog met niks om te verloor nie ("Anders gaan ek terug plaas toe en voer my perde") teenoor 'n kerk met alles om te verloor ("Die waarheid is dat ons in ons besluite in die sinode en in ons besluite in ons kerkrade, ernstig is oor ons belydenis en besluit vir besluit uitdrukking gee daaraan dat ons staan in die tradisie waarin ons staan," sê ds Nelis Janse van Rensburg, die moderator van die Algemene Sinode in 2021 via 'n videoboodskap aan lidmate). Maar kan 'n gewoon nuuskierige ontmoeting die las van so 'n wit-of-swart-siening verlig? Dit was die doel van *Kerkbode* se onderhoud. Meer sekulêre huisbesoek as joernalistieke ondersoek of – behoede ons – 'n waarde-oordeel oor die verloop van sake tot op hede of die verwagte uitkoms. Dit voel gepas dat deur die loop van 'n gesprek met iemand wat homself besig hou met eksegese (hoe om die Bybel te lees) daar twee verdere "leesbrille" is wat hulleself vir hierdie waarnemer aan die hand doen vir hoe om dinge te sien: 'n Griekse treurspel is miskien een so 'n manier. Waar die held ondanks groot deugde en dalk uit oormoed die noodlot tart en 'n gebeurtenisreeks aan die gang sit wat hom / haar laat boet.

'n Ander bril sou 'n mens weer eerder laat fokus op gevolge van aksies en werk met die geneesheer Gabor

Maté se definisie van trauma as dit wat binne iemand gebeur eerder as met hom / haar: Hoe lyk die innerlike besering van iemand wat dit ontgeld nadat sy eie navorsing hom van sy eie eed weglei?

In balans hiermee vind 'n mens uiteraard die NG Kerk se plig en reg om sy "grensdrade" te span ten einde studente by sy opleidingsinstellings te lei na en in geloof soos verwoord in die belydenisskrifte. Die kuratorium verwoord dit so: "'n Kerklike tugondersoek is 'n vertroulike proses en word as sulks hanteer. Dit is nie 'n heksejag nie en dra nie die karakter van vervolging of vergelding nie. Die doel is om die waarheid en die feite aan die lig te bring en as geloofsgemeenskap daarmee te werk – dit te beoordeel teen die agtergrond van vrae en gerugte wat sou ontstaan. Dit is gerig op die heil en welwese van die persoon sowel as van die geloofsgemeenskap. Dit is 'n poging om die een oor wie se leer en lewe daar gerugte en vrae ontstaan, op 'n broederlike wyse te begelei en te ondersteun, ten einde daardie optrede of leer weer te belyn met die belydenisskrifte, die legitimasie-eed en die gedragskode vir gelegitimeerdes. Dit is nie 'n poging om iemand uit die kerk te dryf nie – inteendeel."

Nodige debat?

In die hoek van Nagel se kantoor staan die opvoufiets wat hy in Duitsland gekoop het en waarmee hy deesdae deur die strate van die studentedorp rits. Ons beweeg saam by die Kweekskool uit en stap na 'n restaurant 'n paar blokke verder. Prof Christo Lombaard, 'n teoloog en vriend van Nagel, sluit by ons aan. "Demografies word die wêreld meer gelowig en konserwatief gelowig … So dat kritiese vrae gaan probleme maak, gaan ons meer en meer kry," sê Lombaard, die hoof van Praktiese Teologie en Sendingwetenskap by die Universiteit van Pretoria. (Sy doktorsgrade is in kommunikasiekunde en Ou Testament en sy spesialisveld

Vervolg op bl13

Verklaring van die dagbestuur van die Kuratorium van die Sinode van Wes-Kaapland

Verklaring van die dagbestuur van die Kuratorium van die Sinode van Wes-Kaapland na aanleiding van Johan Eybers se berig in *Rapport* op 8 Januarie 2023: Kerkmense 'het my teologies verkrag', sê dominee.

Die dagbestuur van die Kuratorium het kennis geneem van bogenoemde berig en voel genoodsaak om die korrekte feite oor die aangeleentheid bekend te maak.

'n Kerklike ondersoek is 'n vertroulike proses en dit behoort so hanteer te word. Die dagbestuur spreek sy spyt uit dat hierdie aangeleentheid in die publieke domein beland het aangesien dit, binne die tydraamwerk wat daarvoor gestel is, nog nie afgehandel is nie. Tog oordeel die dagbestuur dat dit noodsaaklik is om ter wille van die kerklike publiek op die wanvoorstellings van die berig in *Rapport* te reageer.

Die Kuratorium het 'n navraag ontvang oor dr Nagel se standpunt oor die godheid van Christus. Lede van die dagbestuur het met hom daaroor gesprek gevoer en hy het sy artikel "Problematising the Divinity of Jesus: Why Jesus is Not θεός", aangebied as verduideliking van sy standpunt. Die gesprekke het plaasgevind binne 'n goedgekeurde protokol vir gesprekke oor teologiese opleiding. Na hierdie gesprekke het die dagbestuur van die Kuratorium geoordeel dat dr Nagel se standpunt 'n kerklike ondersoek regverdig.

Hierna het die dagbestuur 'n verslag opgestel en aan die Ring van Stellenbosch oorhandig om die aangeleentheid kerkordelik te hanteer. Die Ring van Stellenbosch het die kerkordelike opsie uitgeoefen om die Sinode van Wes-Kaapland te versoek om 'n ringstugliggaam saam te stel om die aangeleentheid te ondersoek. Die ringstugliggaam het, met inagneming van die dokumente wat aan hulle oorhandig is, geoordeel dat die aangeleentheid ontvanklik is en 'n klag geformuleer vir 'n leertugondersoek.

Die fokus van die ondersoek was om te bepaal of dr Nagel, as gelegitimeerde, steeds die godheid van Christus as sy persoonlike geloofsoortuiging handhaaf. Hier word spesifiek verwys na die belydenis oor Christus in die Belydenis van Nicea.

Tydens die ondersoek het die ringstugliggaam omvattende gesprekke met dr Nagel gevoer oor sy teologiese standpunte.

Die ringstugliggaam het tot die oortuiging gekom dat die akademiese artikel (wat hy aangebied het om sy standpunt te verduidelik) inderdaad sy persoonlike standpunt oor die godheid van Christus reflekteer en dat dit strydig is met die belydenis van die kerk en sy legitimasie-eed. Die belydenis van Nicea, wat amptelik deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk is, kom uit die vierde eeu nC en word deur die wêreldkerk as belydenis aanvaar. Hierdie standpunt van dr Nagel het sy legitimasie (predikantsbevoegdheid) in gedrang gebring.

'n Kerklike tugondersoek is 'n vertroulike proses en word as sulks hanteer. Dit is nie 'n heksejag nie en dra nie die karakter van vervolging of vergelding nie. Die doel is om die waarheid en die feite aan die lig te bring en as geloofsgemeenskap daarmee te werk – dit te beoordeel teen die agtergrond van vrae en gerugte wat sou ontstaan. Dit is gerig op die heil en welwese van die persoon sowel as van die geloofsgemeenskap. Dit is 'n poging om die een oor wie se leer en lewe daar gerugte en vrae ontstaan, op 'n broederlike wyse te begelei en te ondersteun, ten einde daardie optrede of leer weer te belyn met die belydenisskrifte, die legitimasie-eed en die gedragskode vir gelegitimeerdes. Dit is nie 'n poging om iemand uit die kerk te dryf nie – inteendeel.

Daarom is dr Nagel se legitimasie tydelik opgeskort hangende die uitkoms van 'n proses van kundige en begeleidende gesprekke met die oog op die regstelling van sy standpunte. Die doel van hierdie reëling is om vir dr Nagel tyd te gun om sy akademiese integriteit te belyn met kerklike integriteit. Die dagbestuur van die Kuratorium is besorg daaroor dat die berig in *Rapport* juis hierdie ruimte van besinning nou ernstig kan belemmer.

Die dagbestuur wys ten slotte daarop dat hierdie maatreëls van die kerk nie dr Nagel se posisie as dosent (hy is 'n werknemer van die Universiteit Stellenbosch) in gedrang bring nie, maar slegs sy predikantsbevoegdheid as gelegitimeerde van die NG Kerk.

Uitgereik deur:
> Ds Peet Bester (Voorsitter van die Kuratorium van die Wes-Kaap)
> Ds Charl Stander (Aktuarius en lid van die Dagbestuur van die Kuratorium)
> Dr Frederick Marais (Skriba van die Kuratorium)

Vervolg van bl.12

is Bybelse Spiritualiteit). ""n Mens moet verstaan dit is partykeer moeilik om hierdie (soort) debat te hanteer … (maar dis) baie moeiliker as die debatte nie daar is nie, want dan is daar een of ander onderdrukkende sisteem. Teologiese debat is baie keer vir mense ontstellend, maar baie meer ontstellend moet wees as daar nie teologiese debat is nie. Ons stry nie oor goed wat onbelangrik is nie," sê Lombaard.

Nagel se grootwordplaas is 'n grensgeval tussen Gauteng en Noordwes. "Die fondasie van my teologie (is) my plaaslewe en my ouers se opvoeding. Ek het in 'n baie gelowige huis grootgeword … nie in die negatiewe sin van die woord nie. My ouma het ons met psalms en gesange wakker gesing. In die aande hoor jy jou naam as sy bid in haar stiltetyd. Dit is waar ek gevorm is. Die teologie was bykomend. Ek was my opleiding baie dankbaar. Maar die plaaslewe, dis waar ek God ontmoet het." Sy teologie werk ook met grense. Sy vakgebied is Teologie van die Nuwe Testament en die Septuaginta (Griekse vertaling van die Ou Testament). "So dit is daai interseksie in terme van tale, Grieks en Hebreeus …" verduidelik Nagel. Ook sy navorsing werk daarmee, in akademiese uitsette kyk hy na "sleutel Nuwe-Testamentiese tekste wat op die rand is van interpretasiemoontlikheid".

Nagel, wat op Tukkies en aan die Universiteit van Münster in Duitsland studeer het, het vir 20 jaar jeugwerk in die NG Kerk gedoen. "(Kinderbediening is) waar alles vir my begin het. Ek het die moeiliker tekste gevat en ek het dit probeer toeganklik maak vir kinders." As 'n mens hom uitvra na die kern van die verskil tussen hom en die kerk, sê hy: "Dat daar die wanpersepsie is dat daar 'n definisie, 'n verstaan van God is en almal weet wat dit is en is op dieselfde bladsy."

Leerdwaling by 'n teologiedosent

Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:
'n Teologiese dosent van die NG Kerk by Universiteit Stellenbosch, dr Peter Nagel, is onlangs aan drie klagtes van leerdwaling skuldig bevind. Hy aanvaar nie die Godheid van Jesus nie. In *Rapport* van 8 Januarie beweer hy dat die tugondersoek bedoel was om behoudendes te paai – die kerkmense het hom "teologies verkrag", want die artikel waarin hy die Godheid van Jesus ontken, "Problematising the Divinity of Jesus: Why Jesus is not θεός", is al in 2019 gepubliseer. Vier jaar later het die dagbestuur van Wes-Kaapland se kuratorium hierop geantwoord met 'n persverklaring in *Kerkbode*.

Kairos Netwerk wil kortliks reageer. Ons is dankbaar dat daar na jare se klagtes uiteindelik besluit is om 'n tugondersoek te doen oor 'n dosent se leerstellige dwalinge. Wat die kuratorium se motivering vir hierdie ondersoek was, weet ons nie. Ons bid net dat dit die begin sal wees van 'n skoonmaakproses om ons predikante se opleiding weer op 'n Skriftuurlike teologiese basis te plaas. Die kuratorium se verklaring bevestig egter 'n paar groter probleme:
1. Ons is oortuig dat beide die kuratorium en die ring die erns van hierdie dwaling onderskat. As 'n dosent wat predikante moet oplei, openlik die Godheid van Jesus ontken, oortree hy nie maar net sy legitimasie-eed nie, hy verwerp die hart van die evangelie en die fondament van al die Christelike kerke van meer as tweeduisend jaar. So 'n dwaling vra nie net 'n akademiese herformulering nie maar radikale bekering.
2. Ons is verder oortuig dat die tugmaatreël nie naastenby voldoen aan die doel van kerklike tug, naamlik die eer van God, die welsyn van die kerk en die redding van die sondaar, nie. Dit is tog sinneloos om vir 'n dosent te sê jy mag nie meer Sondae preek nie, want jy verkondig dwaalleer, maar jy kan steeds elke dag van die week klas gee vir die kerk se voornemende predikante. Wat word dan van die eer van God en die welsyn van die kerk?
3. Ons is oortuig dat die kuratorium hulle eie plig versuim deur te maak asof hulle niks verder kan doen nie aangesien die universiteit sy werkgewer is.
Daarteenoor bepaal KO Reglement 11 (3.3.8) duidelik oor die bevoegdheid van die kuratorium se ondersoekliggaam. Die volgende dissiplinêre maatreëls kan deur die ondersoekliggaam opgelê word: 3.3.8.2 die opskorting vir 'n vasgestelde tydperk van die dosent se voorreg om teologiese studente van die NG Kerk op te lei; of 3.3.8.3 die beëindiging van die dosent se voorreg om teologiese studente van die NG Kerk op te lei.
4. Die kuratorium erken nou amptelik dat Kairos Netwerk tog al die tyd reg was oor die ernstige leerdwaling by die teologiese fakulteite. Daar is dosente met ernstige teologiese dwalinge wat steeds toegelaat word om ons toekomstige predikante op te lei. As 'n kuratorium met sulke swak verskonings hulle plig versuim om toesig te hou oor teologiese opleiding, verbeur hulle hulle bestaansreg.

Namens Kairos Netwerk Dagbestuur